

**16 September**  
**Skrifgedeelte: Psalm 21**

**Ware blydskap**

Blydskap en vreugde is iets waarna elke mens smag. Daar is verskillende soorte blydskap. Die wêreld is vol oppervlakkige blydskap, iets wat net 'n paar oomblikke duur. Daar is ook durende blydskap wat lewenslange dankbaarheid in jou bring.

Kyk na die blydskap in Jesus se lewe. Hebreërs 12:2 eer: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins ..." Die vreugde was van so 'n aard dat pyn, koors en ontbering aan die kruis nie die oorhand kon kry nie. Hoeveel arbeidsvreugde het Hy nie ervaar nie! Blindes sien, kreupeles huppel, dowes hoor, dooies staan op uit die dood, siekes word gesond... Daarby het Hy die volle koopsom betaal vir elke gelowige se sondeskuld. Nóg 'n druppel bloed was nie nodig nie. Jesus bring volle geluk en redding vir elkeen wat glo.

Hierdie feite behoort jou, gelowige kind van die Here, met 'n lewenslange vreugde en dankbaarheid te vul, want Christus het jou met God versoen. Jy besit die grootste rykdom op aarde. Jy is God se kind!

'n Koning se familie het gewoonlik voorregte. So het jy as gelowige besondere voorregte in die ryk van Christus. Voor jou lê 'n ongelooflike toekoms. Daar word vir jou persoonlik 'n plek in die hiernamaals voorberei. Christus tree op as voorspraak vir jou by die Vader. Die Heilige Gees onderrig en leer jou God se wil. Hy is elke oomblik teenwoordig in jou lewe. Bring hierdie feite blydskap in jou lewe? Prys jy God daarvoor?

*Dr PJ Vermeulen (Witbank)*